Ramptoestand opgehef

President Cyril Ramaphosa het Maandagaand na 750 dae die nasionale ramptoestand opgehef. Daar is vir die volgende 30 dae steeds sekere oorgangsregulasies in plek en dit is in die jongste Staatskoerant van 4 April gepubliseer. Die dra van maskers binnenshuis en op openbare vervoer bly steeds verpligtend. Bywoning van byeenkomste word beperk tot 50% van die kapasiteit van die perseel, indien mense ingeënt is of negatiewe toetse kan toon. Andersins word getalle tot 1000 binnenshuis en 2000 buite beperk. Kenners spekuleer tans of die ramptoestand kan terugkeer indien infeksies skerp toeneem en intentingsyfers laag bly. Die regering het intussen konsepregulasies voorgestel om die toekomstige bestuur van die pandemie onder die Nasionale Gesondheidswet te laat bekragtig. Hierdie proses is tot 15 April oop vir openbare bespreking.

KERSMARK Vergadering

Die eerste Kersmark beplannings-vergadering vir die jaar vind plaas op **Maandag, 11 April** om **18:00** in **Patmos**. Almal welkom!

BYBELSTUDIE STORMHAVEN PARK

14 April 2022 om 10:00
Koördineerder:
Coenie Basson - 082 552 1850

Helderberg Hospitaal

Ons is op soek na 'n vrywilliger in ons gemeente wat bereid is om as Voorsitter vir die Helderberg Hospitaalprojek by Alisia Smit oor te neem. Kontak gerus vir Alisia vir meer inligting rakende dié projek by 084 855 8009.

Kategese

- **Junior kategese (voorskool tot graad 6) tydens die erediens in die kerksaal.**
- **Senior kategese na die erediens in die onderskeie lokale in die kerksaal.**

Junior kategese: 10 Apr: Gesinsdiens - Paasfeeshande

Jesus gebruik **Sy hande** om te sorg en te seën. Jesus lei 'n blinde man aan **die hand** uit die dorp en sit toe **Sy hande** op die man se oë en hy kan sien. Jesus vat 'n dogtertjie wat dood is aan **die hand** en sê: "Dogtertjie, Ek sê vir jou, staan op!" en sy het. 'n Melaatse man sê vir Jesus: "Here as U wil, kan U my gesond maak." Jesus steek **Sy hand** uit, en sê: "Ek wil." Pappas en mammas bring hulle kinders na Jesus toe en Jesus sit sy arms om hulle en raak hulle met **Sy hande** aan en seën hulle.

Tydens die Paas-gesinsdiens gaan ons kyk waar **ander hande** Jesus oral aangeraak het om uiteindelik by die plek uit te kom waar Jesus uitroep: "Vader, in **U hande** gee Ek my gees oor". (Lukas 23:46)

PROGRAM: KATEGESE vir JUNIOR FASE (Voorskool tot graad 6)

Datum	Aanbieding	Aanbieder
10 Apr	**Gesinsdiens**: Amazing Race - Paasfees	Werner
24 Apr	Woord-vitamines	Merizle
08 Mei	Strek- en asemhalingsoefeninge	Hennie
15 Mei	Asem in, asem uit!	Suzelle
22 Mei	Hou jou voete fiks	Merizle
29 Mei	Pinkster	Aanbieders